

Foli-Ca+B

Die Foli-reeks is hoë kwaliteit wateroplosbare blaarvoedingsprodukte.

Foli-CaB bevat Kalsium (Ca), Stikstof (N) en Boor (B).

Belangrikste funksies van elemente is soos volg:

Elemente in Foli-CaB werk saam om bestuiwing en vrug- en saadkwaliteit te bevorder (Ca en B).

Kalsium speel 'n belangrike rol in die vorming van die selmembraan en is noodsaaklik vir selverdeling en die handhawing van selintegriteit en selmembraan deurlaatbaarheid.

Stikstof is 'n noodsaaklike komponent van alle proteïene, chlorofil en baie ensieme en is dus noodsaaklik vir groei.

Belangrikste funksies van Boor in plante is soos volg:

- Boor is saam met Ca nodig vir die vorming van selmembrane.
- Betrokke by die adsorpsie van Ca, Mg, K en is betrokke met die beweging van Ca in die plant.
- Noodsaaklik vir stuifmeelbuis verlenging en - bestuiwing.
- Noodsaaklik vir seldeling en seldifferensiasie in groeipunte, soos wortelpunte, blomknoppe, vrugte en sade.
- Speel 'n rol by die vervoer van koolhidrate en fosfaat-ione oor membrane.
- Word benodig vir stikstofmetabolisme en proteïensintese.

Toediening kan onder stress toestande herhaal word om plante te beskerm.

Spuit die aanbevole dosisse opgelos in 200 L/ha water

Klaar uit met chemiese agente, voor gekombineer word met chemie.

STANDAARD TOEDIENINGSRIGLYNE VIR DIE FOLI-REEKS

GEWAS	PRODUK	TOEDIENINGSRIGLYN (KG/HA)		TYD VAN TOEDIENING
		DROËLAND	BESPROEIING	
Mielies	Foli-Energy	3	6	4 Weke na Opkoms
	Foli-Quality	3	6	6 Weke na Opkoms
	Foli-CaB	3	6	8 Weke na Opkoms
Sonneblom	Foli-Energy	3	6	4 Weke na Opkoms
	Foli-CaB+Mo	4	6	Ster Stadium
Sojabone	Foli-Energy	4	6	4 Weke na Opkoms
	Foli-CaB+Mo	4	6	6 Weke na Opkoms
	Foli-Quality	4	6	80% Peul Vol
Suikerbone	Foli-Energy	4	6	4 Weke na Opkoms
	Foli-Quality	4	6	6 Weke na Opkoms
	Foli-CaB+Mo	4	6	80% Peul Vol
Grondbone	Foli-Energy	4	6	4 Weke na Opkoms
	Foli-CaB+Mo	4	6	6 Weke na Opkoms
	Foli-Quality	4	6	8 Weke na Opkoms

Foli-CaB Samestelling

g/kg		
N	Ca	B
116	143	44

